**24 April**
**Skrifgedeelte: Jeremia 15:5-14**

**God skenk die krag**

Baie skrywers het al die pen opgeneem oor die probleem van lyding. Soms kom daar situasies op ‘n mens se pad wat so pynlik is dat ‘n mens eintlik net jou kop kan buig om alles in die hand van God te plaas.
Die profeet Jeremia gaan deur soortgelyke traumatiese ervarings. Hy moes aan Israel verkondig dat hulle ‘n besonder wrede oorlog gaan verloor vanweë hulle eie sondes. Jeremia stel die swaar las wat hy moet dra in die lig van die Here se woorde aan hom: “Kan ‘n mens yster breek, yster uit die noorde, of brons?” God se belofte is dat die las wat Jeremia moes dra, nie sal opweeg teen die krag wat Hy aan sy profete en kinders gee nie. Jeremia het in God se beloftes en Woord sy krag en uitkoms gaan soek. Wanneer jy lyding ervaar, onthou dat God nooit die een versaak wat by Hom skuiling soek nie.
In Palestina was dit die gebruik om klippe bo-op die jong plantjies te pak as die wynstokke nuut aangeplant word. Hierdie jong plantjies moes baklei om die *las* wat op hulle geplaas word, te oorwin. So groei hulle wortels diep en word hulle sterk om in hierdie geharde klimaat vrugte te kan dra.
Die lyding wat God op ons lewenspad bring, is nie daar om ons te breek nie. Lyding is daar om ons met God se genade en krag juis sterker te maak. So kan ons ook meer en meer vrugte van die geloof voortbring.
*Sing: Psalm 46:1,6 Ds GC Coetzee(Groblersdal)*